# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

==========================

THURSDAY, 22 AUGUST 2024

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:15] The Speaker made a general announcement regarding the logistical arrangements for the sitting taking place.

4. [14:18] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Subject for Discussion.

   Agreed to.

5. [14:19] The House discussed the following subject in the name of Hon D W Bryant:

   The impact of climate disasters on service delivery and infrastructure in the Western Cape.

   Debate concluded.

6. [15:22] Interpellations.

7. [16:00] Questions.

8. [17:02] Statements by Members.

9. [17:24] The Speaker made a general announcement regarding the application of the Rule of Anticipation (Rule 64) and the same Question Rule (Rule 149) as they pertain to motions.

10. [17:25] Motions with Notice *(in accordance with Standing Rule 151)*.

    The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

11. [17:26] Motions without Notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

12. Mr D G Jacobs moved without notice: That the House congratulates the SA Olympic team in their quest for gold at the 2024 Olympic Games; notes that, carrying the hopes of a nation, the gold, silver and bronze medals are a sign that no matter your circumstances, you can overcome; notes that, from dusty streets of Worcester to the rural towns of the Western Cape, we bow to those whose sacrifices saw them putting gold, silver and bronze medals around their necks; and we celebrate your achievements.

    Agreed to.

13. Mr D G Jacobs moved without notice: That the House notes that the Olympic team returned from Paris on Monday morning 12 August; notes that we were rudely awoken by the very sad and tragic news that one of South Africa's young and up-and-coming break dancer and an ambassador of the South African Body of Dance (SABOD), Ruben Jansen, had been shot and killed in Eerste River; notes that his electrifying performances lit stages worldwide; notes that, and as pillar of the community, he will be missed; and notes that we dip our spear to mourn the untimely death of Ruben and send our heartfelt condolences to his family and friends.

    Agreed to.

14. Ms W F Kazier-Philander moved without notice: That the House sends its deepest condolences to the friends and family of the three women who were found dead in a house in Ceres; notes that, according to reports, the women had carried coal into a home on Uitsig Street and hours later their bodies were found; notes that the police confirmed that an inquest docket was under investigation; and may the souls of these three beautiful women forever rest in peace.

    Agreed to.

15. Ms W F Kazier-Philander moved without notice: That the House congratulates the Department of Social Development for successfully launching the new Social Worker Integrated Management System, also known as the SWIMS app; notes that, recognising the crucial role of social workers in maintaining the dignity and well-being of our communities, the Department of Social Development identified the need for a system to streamline the Alternative Care Management Process for Children; and notes that this innovative app addresses several key challenges faced by social workers and will help alleviate these issues by significantly enhancing the efficiency and effectiveness of social work in the Western Cape.

    Agreed to.

16. Mr D J Wessels moved without notice: That the House congratulates the Department of Infrastructure for speedily reconnecting the town of Citrusdal to the N7 after floods washed away the MR310 last month, leaving the town and community completely cut off; and further notes that, while this is an active construction site, one-way traffic with stop-and-go traffic accommodation is in place until the repairs have been fully completed.

    Agreed to.

17. Mr G Brinkhuis moved without notice: That the House notes the recent selection of Salmaan Moerat as the Springbok captain; further notes that he is from Paarl and matriculated from Paarl Boys' High School; acknowledges that the coach and Selection Committee chose him for this prestigious position and that he is the second Springbok captain from the Paarl region – the first was Pieter de Villiers; further acknowledges that, for the Moerat family, rugby runs in their veins and his skills from a young age were inspired by elders, including his father who was a well-known rugby player; further acknowledges his hard work not only proved him to be a gifted team player, but an exceptional team leader who has the ability to read the rugby game well; recalls that many sportspeople from previously disadvantaged communities faced many challenges to move into significant rugby positions; notes that more investments must be made in all sporting disciplines, especially in poor communities; and congratulates him on a commendable achievement.

Agreed to.

18. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes with deep sorrow and profound sadness the untimely passing of Mr Sibongile Bakubaku; notes that Mr Bakubaku was not only a revered father figure to many in the ANC caucus, but also the beloved husband of ANC PEC Member and former Member of the Western Cape Provincial Parliament, Hon Gladys Bakubaku-Vos; and extends heartfelt condolences to his cherished wife and soulmate, their children and the entire Bakubaku family during this time of immense loss.

Agreed to.

19. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House notes with immense pride and extends its heartfelt congratulations and best wishes to Mia le Roux on being crowned the new Miss South Africa; notes that Mia, originating from Sasolburg in the Free State, spent her early years in Oudtshoorn after her family relocated and she currently resides in Rosebank, Cape Town; notes that Mia, diagnosed with profound hearing loss at the age of one, received a cochlear implant to assist with her hearing; notes that her participation in the 66th Miss SA pageant marks a significant moment for South Africa, reflecting our nation's ongoing commitment to inclusivity, diversity and empowerment; and commends the organisers of Miss SA 2024 for their courageous and visionary decision to embrace such an inclusive milestone, which has resulted in our country's first Miss SA from the deaf community.

Agreed to.

20. Ms R Windvogel moved without notice: That the House expresses profound sorrow at the tragic murder of Deveney Nel, a 16-year-old Grade 10 learner at the Overberg High School in Grabouw, who was discovered deceased on Wednesday 7 August 2024 in a storeroom on the school's premises; notes that her untimely death has ignited serious concerns regarding school safety in the province; notes that it has come to light that Nel, who was part of the school's first-aid team during a sport event, was reported missing before her death; notes that reports indicate that Nel was brutally attacked, suffering multiple stab wounds to the neck and chest before being dragged into the storeroom; calls upon law enforcement to expedite their investigation into Deveney Nel's murder and to ensure that those responsible are swiftly brought to justice; and, in addition, extends deepest condolences to her family, classmates, friends and all who were touched by her presence.

Agreed to.

21. Ms B Stoffels moved without notice: That the House extends its warmest congratulations to Team South Africa for their remarkable achievements at the 2024 Olympics in France; notes that, securing six medals and achieving 44th place in the overall medal standings, is a testament to their dedication and skill; offers special recognition to Tatjana Smith for clinching South Africa's only gold medal, as well as to all other medallists who have brought honour to our nation, particularly we celebrate the outstanding performances of athletes from the Western Cape: Mogamat Zain Davids, Ryan Oosthuizen, Justin Geduld and Dewald Human were integral to the South African rugby sevens team, which secured a bronze medal, and in addition, Jo-Ane van Dyk's impressive silver medal in the women's javelin event exemplifies the exceptional talent emerging from our province; notes that their achievements not only highlight their personal excellence, but also bring pride to our country and province and inspire future generations of athletes; and further calls on the provincial government to invest additional resources for sport development at grassroots level so we can get more Olympics medallists from our province.

Agreed to.

22. Mr F Kamfer moved without notice: That the House notes with immense pride and extends its heartfelt congratulations to Rochica Sonday, a remarkable 15-year-old from Lavender Hill, who has achieved a historic milestone by securing a bronze medal at the International Table Tennis Federation (ITTF) Africa Youth Championships that was held in Botswana last month; notes that Rochica's accomplishment is particularly significant as she has become the first South African player to win a medal in the under-19 category at this prestigious tournament; notes that, since beginning her table tennis journey at the tender age of nine, Rochica has demonstrated exceptional talent and dedication, earning her a place in both the South African national table tennis junior and senior teams; and notes that her remarkable achievement not only highlights her individual prowess, but also brings great pride to her community of Lavender Hill, our province and our nation at large.

Agreed to.

23. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House notes with a heavy heart the tragic discovery of a partially naked woman's body in the Bo-Kaap this week; further notes that the body, discovered in Strand Street near High Level Road, appears to have been the victim of a violent attack and that the details surrounding her death are deeply disturbing and indicative of a broader, troubling pattern of violence against women; highlights the urgent need for the increased focus on the safety of women in our province; extends heartfelt condolences to the family and community affected by this heinous act; and calls on the provincial government to allocate increased resources for women's safety and on the SAPS to speed up the investigation in order to bring the perpetrators to book.

Agreed to.

24. Ms R Windvogel moved without notice: That the House notes and welcomes the swift investigation by the South African Police Service, which led to the arrest of a 17-year-old suspect linked to the murder of Overberg High School learner Deveney Nel; further notes that Deveney disappeared two weeks ago during a school sports day, and her body, which had been concealed in the school's storeroom with stab wounds, was subsequently discovered; acknowledges that the suspect was known to Deveney and to the rest of Overberg High School in Caledon; conveys condolences to Deveney's family, classmates and the entire school community; and calls on the Western Cape Education Department (WCED) to prioritise school safety by ensuring that all schools are equipped with functioning CCTV cameras and other necessary security features.

Agreed to.

25. Ms R Windvogel moved without notice: That the House warmly welcomes the official inauguration of the new Thuthuzela Care Centre at the Mitchells Plain Hospital; further notes that Thuthuzela care centres (TCCs) are vital “one-stop facilities” that are designed with a victim-centric approach to reduce secondary victimisation; notes that the opening of the Mitchells Plain TCC is particularly noteworthy as it provides a crucial service to the local community, which previously had to travel to the Heideveld TCC to access similar support; acknowledges that the new centre will facilitate easier reporting of rape cases directly at community clinics or hospitals, ensuring that victims can lodge complaints with dignity and without fear; and commends the national government for their dedication to this cause and extends gratitude to Deputy Minister of Justice and Constitutional Development Andries Nel and National Director of Public Prosecutions Advocate Shamila Batohi for their commitment to improving the quality of services for victims.

Agreed to.

26. Mr B Ngqentsu moved without notice: That the House notes with deep concern the recent violent attacks on foreign shopkeepers in the Imizamo Yethu informal settlement in Hout Bay; further notes that on Friday 16 August 2024 three Somali men, who were shopkeepers at different spaza shops, were tragically gunned down by unknown assailants and six other individuals, who are presumed to be relatives of the victims, were injured in the shootings; notes that the attacks, which occurred simultaneously at around 19:30 at three locations in Molokwane Street, are believed to be linked to extortion gangs; condemns these brutal attacks that have caused considerable fear and tension in the Imizamo Yethu community; and calls on the provincial government and the South African Police Service (SAPS) to take immediate and to coordinate action to address this alarming trend of extortion-related violence in the Western Cape.

Agreed to.

27. Ms B Stoffel moved without notice: That the House notes with pride the historic appointment of Mandisa Muriel Lindelwa Maya as the first-ever female Chief Justice of South Africa; further notes that this appointment marks a significant milestone in the advancement of women in South Africa, reflecting the progress we have made in gender equality and women’s empowerment; appreciates that Justice Maya’s rise to this esteemed position is a testament to her exemplary service, unwavering commitment to justice and the outstanding contributions she has made throughout her judicial career; welcomes the fact that her appointment not only shatters longstanding barriers, but also sets a powerful precedent for future generations of women who aspire to leadership roles in our judiciary and beyond; celebrates this proud moment for our country as it highlights our collective commitment to fostering an inclusive and equitable society where all individuals, regardless of gender, can achieve their highest potential; and extends our heartfelt congratulations to Chief Justice Maya and wishes her every success as she undertakes the crucial responsibilities of her new role.

Agreed to.

28. Ms A Cassiem moved without notice: That the House notes the burglary that took place at the public order police headquarters in Faure, which is a specialised South African Police Service unit in the Western Cape; further notes that the thieves managed to break into the firearm safe and steal a gas canister launcher, stun grenades, rubber bullets, as well as their belts; notes that the shocking part is that there were no witnesses at the scene of the crime, and it also does not look like there were any working surveillance cameras in the building; notes, moreover, that it is disturbing that we live in a country where our policing system is

not only incapable of offering protection to citizens, but is equally incapable of safeguarding its own resources, which should enable the police to carry out their duties; and calls on the establishment of a commission of inquiry to investigate all these burglaries that continue to take place in the SAPS buildings and thereby continue to threaten the sovereignty of the state.

Agreed to.

29. Mr L van Wyk moved without notice: That the House notes with sadness the loss of legendary educator William Smith who passed away peacefully and surrounded by family yesterday; notes that, from 1990, Smith was a regular feature on the Learning Channel of the SABC, an educational programme that sought to bring quality lessons in key subjects to the nation at large; notes that, for sixteen years, countless South African children excelled in their education thanks to Mr Smith's innovative and caring approach to teaching Mathematics and Science and doing so by using methods that inspired millions; notes that his passion for knowledge and his dedication to sharing it changed the lives of generations of school children and earned him the Order of the Baobab; and sends best wishes to Mr Smith's family and celebrates the life of "South Africa's favourite teacher".

Agreed to.

30. Mr T C R Walters moved without notice: That the House commends the work of SAPS in swiftly apprehending a suspect in the murder case of 16-year-old Deveney Nel, a Grade 10 learner from Caledon who was tragically found deceased last week; notes that the untimely death of any resident is a tragedy, but the tragic loss of one so young is always particularly shocking; and call for justice to take its course and also calls for the similar swift apprehension of suspects in the many cases of violence against minors, which remain unsolved.

Agreed to.

31. Mr T C R Walters moved without notice: That the House notes the recent theft of less lethal ammunition, teargas grenades and other material from the Faure SAPS base in Eerste River, as well as the recent arrest of three suspects in the matter; expresses deep concern at an apparent serious breach of a supposedly secure environment; and calls for a comprehensive investigation into the incident with the goal of ensuring that other SAPS facilities in the Western Cape do not fall victim to similar incidents of theft.

Agreed to.

32. Mr D J Wessels moves without notice: That the House notes that on 6 August 2024 the Minister of Infrastructure handed over new houses in Wolwedans to beneficiaries who had been displaced following heavy downpours in November 2021; and further notes that the Minister also concluded a visit to the Garden Route district where he had several key engagements designed to advance the Department's mission of accelerating infrastructure delivery and enhancing community development throughout the district.

Agreed to.

33. Ms W F Kaizer-Philander moved without notice: That the House notes that the provincial Minister of Social Development met with the provincial management of the South African Social Security Agency (Sassa); notes that, in this first engagement between Sassa and the Minister, the discussions revolved around the relationships between the agency and the Western Cape Department of Social Development (DSD), the challenges experienced by

Sassa and the ongoing solutions, and the way forward; and further notes that a commitment has been made for monthly meetings between Sassa and DSD management.

Agreed to.

34. Ms W F Kaizer-Philander moved without notice: That the House notes that on 8 August 2024, the Western Cape Minister of Social Development and the Minister of Health and Wellness visited two Thuthuzela care centres in Wynberg and Stellenbosch; notes that they were joined by the National Prosecuting Authority's Special Director of the Sexual Offences and Community Affairs Unit, Advocate Bonnie Currie-Gamwo; notes that a total of nine Thuthuzela care centres are operational across the province, with a tenth one to be opened later this month in Mitchells Plain; also notes that these centres are one-stop facilities that provide psychosocial, medical and legal services to victims of gender-based violence; and further notes that, since 2019, over 21 000 people per year received psychosocial support at these centres and from the Department of Social Development.

Agreed to.

35. Ms W F Kaizer-Philander moved without notice: That the House notes that the provincial Department of Social Development (DSD), the Passenger Rail Agency of South Africa (Prasa) and the non-profit organisation A21 conducted a joint Trafficking in Persons Awareness Day event on 29 July 2024 at the Inter-Provincial Bus Terminal in Cape Town; and notes that, during the 2023/24 period, 13 survivors of human trafficking accessed support services from DSD-funded shelters for victims of violence and abuse in the Western Cape.

Agreed to.

36. The House adjourned at 18:00.

Digitally signed by Romeo Adams
Date: 2024.08.28 12:45:48 +02'00'

ROMEO ADAMS
Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

==========================

DONDERDAG, 22 AUGUSTUS 2024

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:15] Die Speaker maak ŉ algemene aankondiging oor die logistieke reëlings vir die sitting wat plaasvind.

4. [14:18] Die Hoofsweep stel sonder kennisgewing voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(1), die Onderwerp vir bespreking voorrang het.

   Goedgekeur.

5. [14:19] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van agb D W Bryant:

   Die impak van klimaatsrampe op dienslewering en infrastruktuur in die Wes-Kaap.

   Debat afgesluit.

6. [15:22] Interpellasies.

7. [16:00] Vrae.

8. [17:02] Verklarings deur Lede.

9. [17:24] Die Speaker het ŉ algemene aankondiging gemaak oor die toepassing van die Afwagtingsreël (Reël 64) en dieselfde Vraagreël (Reël 149) soos dit op voorstelle betrekking het.

10. [17:25] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

    Die Speaker doen ŉ aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

11. [17:26] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

12. Mnr D Jacobs stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die SA Olimpiese span gelukwens met hul najaag van goue medaljes by die Olimpiese Spele van 2024; kennis neem dat, met hulle wat die hoop van ŉ nasie dra, die goue, silwer- en bronsmedaljes ŉ teken is dat, ongeag jou omstandighede, jy dit te bowe kan kom; kennis neem dat ons, van stofstrate van Worcester tot die plattelandse dorpe van die Wes-Kaap, erkenning gee aan diegene wie se opofferings daartoe gelei het dat goue, silwer- en bronsmedaljes om hul nekke gehang is; en ons vier hierdie prestasies.

Goedgekeur.

13. Mnr D Jacobs stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Olimpiese span Maandagoggend 12 Augustus van Parys af teruggekeer het; kennis neem dat ons ontnugterende wakker gemaak is deur die baie hartseer en tragiese nuus dat een van Suid-Afrika se jong en opkomende briekdansers en ŉ ambassadeur van die Suid-Afrikaanse Dansliggaam ("South African Body of Dance" of SABOD), Ruben Jansen, in Eersterivier doodgeskiet is; kennis neem dat sy opwindende optredes wêreldwyd op verhoë gevier is; kennis neem dat, as pilaar van die gemeenskap, hy gemis sal word; en kennis neem dat ons ons howe laat saak om die ontydige dood van Ruben te betreur en ons innige meegevoel betuig met sy familie en vriende.

Goedgekeur.

14. Me W F Kazier-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig met die vriende en familie van die drie vroue wat in ŉ huis in Ceres dood aangetref is; kennis neem op dat, volgens berigte, die vroue steenkool in ŉ huis in Uitsigstraat ingedra het en ure later is hul lyke gevind; kennis neem dat die polisie bevestig het dat ŉ dossier oor ŉ geregtelike doodsondersoek ondersoek word; en mag die siele van hierdie drie pragtige vroue vir ewig in vrede rus.

Goedgekeur.

15. Me W F Kazier-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gelukwens met die suksesvolle bekendstelling van die nuwe Geïntegreerde Bestuurstelsel vir Maatskaplike Werkers ("Social Worker Integrated Management System"), ook bekend as die SWIMS-toepassing; kennis neem dat, met erkenning van die deurslaggewende rol wat maatskaplike werkers in die handhawing van die waardigheid en welstand van ons gemeenskappe speel, die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling die behoefte aan ŉ stelsel geïdentifiseer het om die Bestuursproses vir die Alternatiewe Sorg van Kinders ("Alternative Care Management Process for Children") te stroomlyn; en kennis neem dat hierdie innoverende toepassing aandag skenk aan verskeie sleuteluitdagings wat maatskaplike werkers die hoof moet bied, en sal help om die las van hierdie kwessies te verlig deur die doeltreffendheid en doelmatigheid van maatskaplike werk in die Wes-Kaap aansienlik te verbeter.

Goedgekeur.

16. Mnr D Wessels stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Departement van Infrastruktuur gelukwens met die spoedige heraansluiting van die dorp Citrusdal met die N7 nadat die MR310 verlede maand deur oorstromings weggespoel het en die dorp en gemeenskap heeltemal afgesny gelaat is; en verder kennis neem dat, alhoewel dit ŉ aktiewe bouperseel is, eenrigtingverkeer moontlik is deur middel van stop-en-ry-verkeersbeheer ingestel is, totdat die herstelwerk volledig afgehandel is.

Goedgekeur.

17. Mnr G Brinkhuis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die onlangse keuse van Salmaan Moerat as die Springbok-kaptein; verder kennis neem dat hy van die Paarl af kom en aan Hoër Jongenskool Paarl gematrikuleer het; erkenning gee dat die afrigter en Keurkomitee hom vir hierdie gesogte pos gekies het en dat hy die tweede Springbok-kaptein van die Paarl-streek is – die eerste was Pieter de Villiers; verder erkenning gee dat, vir die Moerat-gesin, rugby in hul are loop en sy vaardighede van jongs af deur sy voorsate geïnspireer is, insluitend sy pa wat ŉ bekende rugbyspeler was; verder erkenning gee aan sy harde werk wat hom nie net as ŉ begaafde spanspeler uitgewys het nie, maar ook as ŉ uitsonderlike spanleier wat die vermoë het om die rugbyspel goed te lees; in herinnering roep dat baie sportlui uit voorheen benadeelde gemeenskappe baie uitdagings die hoof moes bied om belangrike rugbyposisies te beklee; kennis neem dat meer beleggings in alle sportdissiplines, veral in arm gemeenskappe, gemaak moet word; en hom gelukwens met ŉ prysenswaardige prestasie.

    Goedgekeur.

18. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met groot leed en diepe hartseer kennis neem van die ontydige dood van mnr Sibongile Bakubaku; kennis neem dat mnr Bakubaku nie net ŉ eerbiedige vaderfiguur vir baie in die ANC-koukus was nie, maar ook die geliefde eggenoot was van ANC se PUK-lid en voormalige lid van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement, agb Gladys Bakubaku-Vos; en innige meegevoel betuig met sy geliefde vrou en sielsgenoot, hul kinders en die hele Bakubaku-familie gedurende hierdie tyd van groot verlies.

    Goedgekeur.

19. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met groot trots kennis neem van en sy hartlike gelukwense en beste wense uitspreek teenoor Mia le Roux met haar kroning van die nuwe Me Suid-Afrika; kennis neem dat Mia, afkomstig van Sasolburg in die Vrystaat, haar vroeë jare in Oudtshoorn deurgebring het nadat haar gesin verhuis het, en sy tans in Rosebank, Kaapstad, woon; kennis neem dat Mia, wat op eenjarige ouderdom met ernstige gehoorverlies gediagnoseer is, ŉ kogleêre inplanting ontvang het om haar met haar gehoor te help; kennis neem dat haar deelname aan die 66ste Me SA-kompetisie ŉ belangrike oomblik vir Suid-Afrika is, wat ons nasie se voortdurende verbintenis tot inklusiwiteit, diversiteit en bemagtiging weerspieël; en die organiseerders van Me SA 2024 aanprys vir hul dapper en visioenêre besluit om so ŉ inklusiewe mylpaal te behaal, wat tot ons land se eerste Me SA uit die dowe gemeenskap gelei het.

    Goedgekeur.

20. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy diepe hartseer uitspreek oor die tragiese moord van Deveney Nel, ŉ 16-jarige graad 10-leerder aan die Hoërskool Overberg in Grabouw, wat op Woensdag 7 Augustus 2024 dood aangetref is in ŉ stoorkamer op die skoolterrein; kennis neem dat haar ontydige dood ernstige kommer oor skoolveiligheid in die provinsie laat ontstaan het; kennis neem dat dit aan die lig gekom het dat Nel, wat deel van die skool se noodhulpspan tydens ŉ sportbyeenkoms was, voor haar dood as vermis aangemeld is; kennis neem dat Nel na berigte wreed aangeval is en verskeie steekwonde aan haar nek en bors opgedoen het voordat sy in die stoorkamer ingesleep is; ŉ beroep op wetstoepassers doen om hul ondersoek na Deveney Nel se moord te bespoedig en om toe te sien dat diegene wat verantwoordelik is, vinnig aan die pen ry; en daarbenewens word innige meegevoel betuig met haar familie, klasmaats, vriende en almal wat deur haar lewe geraak is.

    Goedgekeur.

21. Mnr B Stoffels stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Span Suid-Afrika van harte gelukwens met hul merkwaardige prestasie by die Olimpiese Spele 2024 in Frankryk; kennis neem dat, om ses medaljes te verower en die 44e plek op die algehele medaljeranglys te behaal, ŉ bewys is van hul toewyding en vaardigheid; spesiale erkenning gee aan Tatjana Smith met haar verowering van Suid-Afrika se enigste goue medalje, sowel as aan alle ander medaljewenners wat eer vir ons nasie ingepalm het, veral vier ons die uitstaande prestasie van atlete van die Wes-Kaap: Mogamat Zain Davids, Ryan Oosthuizen, Justin Geduld en Dewald Human wat ŉ integrale deel van die Suid-Afrikaanse sewesrugbyspan was, wat ŉ bronsmedalje verower het, en daarbenewens is Jo-Ane van Dyk se indrukwekkende silwermedalje in die spiesgooi vir vroue ŉ voorbeeld van die besondere talent wat uit ons provinsie kom; kennis neem dat hul prestasie nie net hul persoonlike uitnemendheid benadruk nie, maar ook ons land en provinsie trots maak en toekomstige geslagte atlete inspireer; en ŉ beroep op die provinsiale regering doen om bykomende hulpbronne in sportontwikkeling op voetsoolvlak te belê sodat ons meer Olimpiese Spele-medaljewenners uit ons provinsie kan kom.

Goedgekeur.

22. Mnr F Kamfer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met groot trots kennis neem van en Rochica Sonday, ŉ merkwaardige 15-jarige van Lavender Hill, hartlik gelukwens nadat sy ŉ geskiedkundige mylpaal behaal het deur ŉ bronsmedalje by die Internasionale Tafeltennisfederasie ("International Table Tennis Federation" of ITTF) se Afrika-jeugkampioenskap te behaal wat verlede maand in Botswana gehou is; kennis neem dat Rochica se prestasie veral betekenisvol is aangesien sy die eerste Suid-Afrikaanse speler geword het wat ŉ medalje in die onder 19-kategorie by hierdie prestigetoernooi gewen het; kennis neem dat Rochica, sedert haar tafeltennisreis op die jong ouderdom van nege begin het, uitsonderlike talent en toewyding getoon het, wat haar ŉ plek in beide die Suid-Afrikaanse nasionale junior en senior tafeltennisspan besorg het; en kennis neem dat haar merkwaardige prestasie nie net haar individuele bekwaamheid benadruk nie, maar ook haar gemeenskap van Lavender Hill, ons provinsie en ons land in die algemeen baie trots maak.

Goedgekeur.

23. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met ŉ swaar hart kennis neem van die tragiese ontdekking van ŉ vrou se gedeeltelik naakte lyk vandeesweek in die Bo-Kaap; verder kennis neem dat die lyk, wat in Strandstraat naby High Level-weg ontdek is, blykbaar die slagoffer van ŉ gewelddadige aanval was en dat die besonderhede van haar dood diep ontstellend is en tekenend is van ŉ breër, kommerwekkende patroon van geweld teen vroue; die dringende behoefte aan die verhoogde fokus op die veiligheid van vroue in ons provinsie beklemtoon; innige meegevoel betuig met die familie en gemeenskap wat deur hierdie gruwelike daad geraak is; en ŉ beroep op die provinsiale regering doen om meer hulpbronne aan vroue se veiligheid toe te wys en ŉ beroep op die SAPD doen om die ondersoek te bespoedig om die oortreders aan die pen te laat ry.

Goedgekeur.

24. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die vinnige ondersoek deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens verwelkom wat gelei het tot die inhegtenisneming van ŉ 17-jarige verdagte wat verbind word met die moord op Deveney Nel, ŉ leerder aan die Hoërskool Overberg; kennis neem dat Deveney twee weke gelede tydens ŉ skoolsportdag verdwyn het en dat haar lyk met steekwonde in die skool se stoorkamer versteek was, daarna ontdek is; erkenning gee dat die verdagte aan Deveney en

die res van Hoërskool Overberg in Caledon bekend was; meegevoel betuig met Deveney se familie, klasmaats en die hele skoolgemeenskap; en ŉ beroep op die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) doen om skoolveiligheid te prioritiseer deur toe te sien dat alle skole toegerus is met funksionele kringtelevisiekameras en ander nodige sekuriteitskenmerke.

Goedgekeur.

25. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die amptelike inwyding van die nuwe Thuthuzela-sorgsentrum by die Mitchells Plain-hospitaal hartlik verwelkom; verder kennis neem dat Thuthuzela-sorgsentrums (TCC's) noodsaaklike "eenstopfasiliteite" is wat ontwerp is met ŉ slagoffergesentreerde benadering om sekondêre viktimisasie te verminder; kennis neem dat die opening van die Mitchells Plain-TCC veral noemenswaardig is aangesien dit ŉ noodsaaklike diens bied aan die plaaslike gemeenskap, wat voorheen na die Heideveld-TCC moes reis om toegang tot soortgelyke ondersteuning te verkry; erkenning gee dat die nuwe sentrum die makliker aanmelding van verkragtingsake direk by gemeenskapsklinieke of -hospitale sal fasiliteer, deur toe te sien dat slagoffers met waardigheid en sonder vrees klagtes kan indien; en die nasionale regering aanprys vir hul toewyding aan hierdie saak en dank betuig teenoor Andries Nel, Adjunkminister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, en advokaat Shamila Batohi, Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging, vir hul verbintenis tot die verbetering van die gehalte van dienste vir slagoffers.

Goedgekeur.

26. Mnr B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die onlangse gewelddadige aanvalle op buitelandse winkeliers in die Imizamo Yethu- informele nedersetting in Houtbaai; verder kennis neem dat drie Somaliese mans, wat winkeliers by verskillende spaza-winkels was, op Vrydag 16 Augustus 2024 tragies deur onbekende aanvallers doodgeskiet is en ses ander individue, wat vermoedelik familielede van die slagoffers is, in die skietvoorvalle gewond is; kennis neem dat die aanvalle, wat gelyktydig omstreeks 19:30 op drie plekke in Molokwanestraat plaasgevind het, glo met afpersingsbendes verbind word; hierdie wrede aanvalle veroordeel wat aansienlike vrees en spanning in die Imizamo Yethu-gemeenskap geskep het; en ŉ beroep op die provinsiale regering en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) doen om onmiddellik stappe te neem en te koördineer om aandag te skenk aan hierdie kommerwekkende tendens van afpersingsverwante geweld in die Wes-Kaap.

Goedgekeur.

27. Me B Stoffel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met trots kennis neem van die historiese aanstelling van Mandisa Muriel Lindelwa Maya as die eerste vroulike Hoofregter van Suid-Afrika; verder kennis neem dat hierdie aanstelling ŉ belangrike mylpaal in die vooruitgang van vroue in Suid-Afrika verteenwoordig, wat die vordering weerspieël wat met geslagsgelykheid en vrouebemagtiging gemaak is; waardering het vir die feit dat Regter Maya se vordering tot by hierdie hooggeagte posisie ŉ bewys is van haar voorbeeldige diens, onwrikbare verbintenis tot geregtigheid en die uitstaande bydraes wat sy deur haar regsloopbaan gemaak het; die feit verwelkom dat haar aanstelling nie net langdurige hindernisse verbreek nie, maar ook ŉ kragtige presedent skep vir toekomstige geslagte vroue wat na leierskaprolle in ons regbank en op ander gebiede streef; hierdie trotse oomblik vir ons land vier, aangesien dit ons gesamentlike verbintenis tot die

bevordering van ŉ inklusiewe en billike samelewing beklemtoon waar alle individue, ongeag hul geslag, hul hoogste potensiaal kan bereik; en Hoofregter Maya hartlik gelukwens en haar alle sukses toewens met haar onderneming van die kritieke verantwoordelikhede van haar nuwe rol.

Goedgekeur.

28. Me A Cassiem stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die inbraak wat by die openbareordepolisiehoofkwartier in Faure plaasgevind het, wat ŉ gespesialiseerde eenheid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens in die Wes-Kaap is; verder kennis neem dat die diewe daarin geslaag het om by die vuurwapenkluis in te breek en ŉ gashouerlanseerder, skokgranate, rubberkoeëls, asook hul gordels te steel; kennis neem dat die skokkende aspek van die roof is dat daar geen getuies op die toneel van die misdaad was nie, en dit lyk ook nie of daar enige werkende waarnemingskameras in die gebou was nie; daarbenewens kennis neem dat dit ontstellend is dat ons in ŉ land woon waar ons polisiëringstelsel nie net nie in staat is om beskerming aan burgers te bied nie, maar ook nie in staat is om sy eie hulpbronne, wat die polisie in staat moet stel om hul pligte uit te voer, te beskerm nie; en ŉ beroep doen op die totstandkoming van ŉ kommissie van ondersoek om al hierdie inbrake wat steeds in die SAPD-geboue plaasvind en wat die soewereiniteit van die staat bly bedreig, te ondersoek.

Goedgekeur.

29. Mnr L van Wyk stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met hartseer kennis neem van die dood van William Smith, die legendariese opvoeder, wat gister vreedsaam in die teenwoordigheid van sy familie oorlede is; kennis neem dat Smith vanaf 1990 ŉ gereelde gesig op die Learning Channel van die SAUK was, ŉ opvoedkundige program wat probeer het om lesse van gehalte in sleutelvakke aan die land as geheel aan te bied; kennis neem dat talle Suid-Afrikaanse kinders vir sestien jaar op skool uitgeblink het danksy mnr Smith se innoverende en sorgsame benadering tot die onderrig van Wiskunde en Wetenskap, en dit te doen deur metodes te gebruik wat miljoene geïnspireer het; kennis neem dat sy passie vir kennis en sy toewyding om dit te deel, die lewens van geslagte skoolkinders verander het en hom die Orde van die Baobab besorg het; en beste wense aan mnr Smith se familie stuur en die lewe van "Suid-Afrika se gunstelingonderwyser" vier.

Goedgekeur.

30. Mnr T C R Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die werk van die SAPD aanprys wat daartoe gelei het dat ŉ verdagte in die moordsaak van die 16-jarige Deveney Nel, ŉ graad 10-leerder van Caledon wat verlede week tragies dood gevind is, vinnig aangekeer is; kennis neem dat die voortydige dood van enige inwoner ŉ tragedie is, maar dat die tragiese verlies van iemand wat so jonk is, altyd nog meer skokkend is; en ŉ beroep doen dat geregtigheid sal geskiet en ook ŉ beroep doen op dieselfde vinnige aankeer van verdagtes in die talle ander sake van geweld teen minderjariges, wat onopgelos bly.

Goedgekeur.

31. Mnr T C R Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die onlangse diefstal van minder dodelike ammunisie, traangasgranate en ander materiaal by die Faure-SAPD-basis in Eersterivier, asook van die onlangse inhegtenisneming van drie verdagtes in die saak; diepe kommer uitspreek oor ŉ oënskynlike ernstige skending van ŉ veronderstelde veilige omgewing; en ŉ beroep doen vir ŉ omvattende ondersoek na die voorval met die doel om toe te sien dat ander SAPD-fasiliteite in die Wes-Kaap nie onderwerp word aan soortgelyke voorvalle van diefstal nie

Goedgekeur.

32. Mnr D J Wessels stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Minister van Infrastruktuur op 6 Augustus 2024 nuwe huise in Wolwedans oorhandig het aan begunstigdes wat ná swaar reënbuie in November 2021 ontwortel is; en verder kennis neem dat die Minister ook ŉ besoek aan die Tuinroete-distrik afgelê het waartydens hy verskeie sleutelskakelings gehad het wat ten doel gehad het om die Departement se missie te bevorder om infrastruktuurlewering te bespoedig en om gemeenskapsontwikkeling in die distrik te bevorder.

Goedgekeur.

33. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die provinsiale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling met die provinsiale bestuur van die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (Sassa) vergader het; kennis neem dat, tydens hierdie eerste skakeling tussen Sassa en die Minister, samesprekings gehandel het oor betrekkinge tussen die agentskap en die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO), die uitdagings wat Sassa ondervind het en die voortgaande oplossings, en die pad vorentoe; en verder kennis neem dat ŉ verbintenis aangegaan is vir maandelikse vergaderings tussen Sassa en die bestuur van die DMO.

Goedgekeur.

34. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Wes-Kaapse Minister van Maatskaplike Ontwikkeling en die Minister van Gesondheid en Welstand op 8 Augustus 2024 twee Thuthuzela-sorgsentrums in Wynberg en Stellenbosch besoek het; kennis neem dat hulle vergesel is deur die Nasionale Vervolgingsgesag se Spesiale Direkteur van die Eenheid vir Seksuele Misdrywe en Gemeenskapsake, advokaat Bonnie Currie-Gamwo; kennis neem dat ŉ totaal van nege Thuthuzela-sorgsentrums in die provinsie bedryf, met ŉ tiende een wat later hierdie maand in Mitchells Plain geopen sal word; ook kennis neem dat hierdie sentrums eenstopfasiliteite is wat psigososiale, mediese en regsdienste aan slagoffers van geslagsgebaseerde geweld verskaf; en verder kennis neem dat, sedert 2019, meer as 21 000 mense per jaar psigososiale ondersteuning by hierdie sentrums en van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling ontvang het.

Goedgekeur.

35. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO), die Passasierspooragentskap van Suid-Afrika (Prasa) en die nie-winsgewende organisasie A21 op 29 Julie 2024 ŉ gesamentlike geleentheid, die Bewusmakingsdag oor Mensehandel, by die Interprovinsiale Busterminus in Kaapstad aangebied het; en kennis neem dat, gedurende die 2023/24-tydperk, 13 oorlewendes van mensehandel toegang verkry het tot ondersteuningsdienste van DMO-befondsde skuilings vir slagoffers van geweld en mishandeling in die Wes-Kaap.

Goedgekeur.

36. Die Huis verdaag om 18:00.

ROMEO ADAMS
Sekretaris van die Provinsiale Parlement